

## VERVALDATUM

Wanneer is jou vervaldatum? Het jy 'n vervaldatum?

Ek het vandag my debietkaart by die bank hernu. Nuwe vervaldatum 31 Julie 2018. Dit het my aan die dink gesit of ek en jy ook 'n vervaldatum het? As Christene glo ons dat die Here ons tyd, ons vervaldatum, reeds bepaal het. Christus het gesê Hy gaan om vir ons plek te berei en as ons woonplek klaar is, kom Hy weer om ons te kom haal (Johannes 14). Vir al wat ek weet gaan my woonplek klaar wees voor 31 Julie 2018 en bereik ek my vervaldatum nog voor my kaart se vervaldatum.

Jesus sê ons moet altyd waaksaam bly omdat ons nie weet watter dag Hy weer kom nie. Hy sê dat niemand weet watter dag die wederkoms gaan wees nie, nie die engele in die hemel nie en ook nie Hyself nie. Net die Vader weet dit. Ons sou ook kon sê ons weet nie watter dag ons vervaldatum is nie. Daarom sê Jesus ons moet altyd, elke dag, gereed wees (Matteus 24). Want vandag of môre is dit dalk ons vervaldag.

Ons weet nou dat ons nie weet wanneer ons vervaldatum is nie. Wat moet ons dan intussen doen? Jesus sê ons moet soos 'n getroue slaaf wees wat doen wat Hy van ons verwag. Ons moet werk. Die werk doen wat Hy gesê het ons moet doen. Terwyl ons waaksaam werk, moet ons wag op ons vervaldag. Werk en wag soos die vyf verstandige meisies. Ons lampe vol olie sodat ons voorbereid die Bruidegom tegemoet kan gaan! Kan ingaan na die bruilof van die Lam! Ons moet dus ons vervaldatum sien as ons uitnodiging na die ewige bruilofsmaal saam met die Lam.

Al weet ons nie wanneer ons vervaldatum is nie, moet ons ons nie daarvoor bekommer nie. In Matteus 6 sê Jesus dat ons ons vervaldag nie met een enkele uur kan verleng deur ons te bekommer nie. Maar Hy het ook gesê dat Hy gou kom. Jou en my vervaldatum is dalk net om die draai!

Jan Lubbe (Benoni)